

27 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 9:28-36
Fokusgedeelte: Lukas 9:29, 30

Die verheerliking op die berg

Jesus gaan na 'n berg om te aanbid en neem net vir Petrus, Johannes en Jakobus saam. Terwyl Hy bid, verander sy voorkoms. Dit is vir die mense wat Hom sien 'n Goddelike teken. Dit gee uitdrukking aan die besondere verhouding wat daar tussen Jesus en God bestaan. Moses en Elia verskyn by Jesus. Hulle tree op as getuies uit die ou bedeling oor wie Jesus is. Hulle verteenwoordig die wet (Moses) en die profete (Elia) uit die Ou Testament en in daardie hoedanigheid onderskryf hulle alles wat van Jesus in die res van die toneel gesê word.

As profete weet hulle wat God se doel met Jesus is. Hoewel die lesers nie weet waarom hulle praat nie, kan ons aanvaar dat hulle met Hom praat oor wat vir Hom voorlê. Sy "uittog" dui op veral sy kruisdood.

As hoogtepunt van die verheerliking klink God se stem van bevestiging. Voordat Jesus na die kruis gaan, word van Godswêë bevestig dat Hy die Seun van God is.

Sing: Psalm 2:6 (p. 7)

Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)